

## Oortuigende getuies: Die krag van persoonlike getuienis



---

### Sabbatmiddag

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Mark. 5:15-20 en hfst. 16:1-11, Hand. 4:1-20, 1 Johannes 1:1-3, Gal. 2:20, Hand. 26:1-32.*

#### Geheeteks:

“Want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie”  
(*Hand. 4:20, OAB*).

**D**aar is soveel krag in persoonlike getuienis, om te getuig van die dinge wat God in jóu lewe gedoen het. Wanneer die liefde van Christus die polsslag van ’n mens se lewe word, en sy genade jou transformeer, het jy beslis iets sinvol oor Christus te sê. ’n Mens kan weliswaar getuig oor die dinge wat Jesus vir iemand anders gedoen het. Om egter jou eie wedervaringe met Christus persoonlik oor te dra, is iets heeltemal anders.

Dit is moeilik om iemand se persoonlike getuienis summier te verwerp. Mense kan jou teologie en selfs jou skrifuitleg bevraagteken. Hulle kan ook formele godsdiens verwerp. Tog het die krag van die evangelie selfs ’n uitwerking op skeptici wanneer ’n mens getuig en sê: “Na jare van wanhoop het ek nou hoop. Na skuldgevoelens my byna opgevrete het, het ek nou gemoedsrus. Na ’n doellose bestaan het ek uiteindelik ’n lewensdoel gevind.” Party mense beleef ’n skielike en dramatiese bekering, soos dié wat Paulus op die Damaskuspad gehad het. Meer dikwels is dit ’n ontluikende besef oor hoe kosbaar Jesus in werklikheid is, ’n diepe waardering vir sy wonderbare genade, asook ’n allesoortreffende waardering vir die verlossing wat Hy die mens vrylik bied. Christus bring ’n ingrypende klemverskuiwing in ’n mens se lewe mee. Dít is die soort getuienis wat die wêreld so broodnodig het, wat die mense graag wil hoor.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 11 Julie.*

## Ongewone getuies

**Lees Markus 5:15-20. Waarom dink jy het Jesus die man na Dekapolis gestuur om aan sy vriende en huismense te gaan getuig, in plaas daarvan om by Jesus en die dissipels aan te sluit sodat sy nuutgevonde geloof binne daardie kringetjie versterk kon word?**

---

---

Die pleknaam Dekapolis bestaan uit twee morfeme: deka wat “tien” beteken, en polis wat “stad” beteken. Dekapolis was ’n landstreek in die eerste eeu na Christus, bestaande uit tien stede wat al langs die oewer van die See van Galilea geleë was. ’n Gemeenskaplike taal en kultuur het hierdie stede verbind. Die besetene was bekend aan die mense van daardie landstreek. Met sy onvoorspelbare en aggressiewe manier van optree het hy groot vrees by die inwoners ingeboesem. Tog het Jesus ’n diepe verlange na ’n beter lewe by die man bespeur, en daarom het Hy hom bevry van die demone wat hom so knaend geteister het.

Toe die dorpsmense hoor dat Jesus die uitgedryfde demone in hul varke ingestuur het, met die gevolg dat die hele trop by die krans afgespring en in die see versuip het, het hulle kom kyk wat aangaan. Markus sê in sy Evangelie: “Toe hulle by Jesus kom en die besetene in wie die baie bose geeste was, daar sien sit met sy klere aan en by sy volle verstand, het hulle groot geskrik” (*Mark. 5:15, NAB*). Die man was weer heel – liggaamlik, verstandelik, psigies en geestelik. Die kern van die evangelie is die genesing van mense wat deur sonde gebreek is, ’n terugkeer na hul Godgegewe heelheid.

Hy was net mooi die regte kandidaat om die tien stede van Dekapolis te bereik – of hoe? – ’n genesde besetene wat sy genesingsverhaal met almal in die streek kon deel. Ellen G. White beskryf dit so netjies: “As getuies vir Christus behoort ons die dinge wat ons weet met ander te deel – wat ons self gesien, gehoor en gevoel het. As ’n mens konstant in die skrede van Christus gevolg het, sal jy iets beduidends hê om oor te vertel, oor die manier waarop Hy jou gelei het. Jy kan getuig dat jy sy beloftes op die proef gestel het, en dat Hy sy woord [en Woord!] inderdaad gestand doen. [As gelowiges] kan ons [eerlik] bely dat ons die genade van Christus eerstehands beleef het. Dit is die soort getuienis waartoe die Here ons roep, en waarsonder die wêreld besig is om onder te gaan” (*The Desire of Ages*, bl. 340). Die Here gebruik dikwels mense by wie ’n mens nie eintlik ’n getuienis te wagte is nie, persone wat deur sy genade verander is ten einde ’n verskil op aarde te maak.

**Let op jou eie bekeringsverhaal. Wat sê jy aan ander oor die manier wat jy die waarheid ontdek het? Hoe kan jy jou belewenisse aan ’n onbekeerde oordra sodat dit tot geestelike voordeel van daardie persoon is?**

## Om die verrese Christus te verkondig

Die twee Marias is douvoordag daar weg, op die Sondagoggend. Hulle haas hulle tot by Jesus se grafombe; nie om raad by Hom te kry nie, want wat kan 'n dooie per slot van rekening doen? Die laaste keer dat hulle die Meester gesien het, was Hy bebloed; sy liggaam gekneus en gehawend. Sy kruisdood en alles wat daar gebeur het, was in hulle geheue gegraveer. Vandag kom doen hulle bloot hulle plig, die laaste deel van die begrafnisritueel. Met diepe smart baan hulle hul weg tot by die grafombe om sy liggaam te balsem. Wanhoop en swaarmoedigheid werp lang skadu's in hul gemoed. Die toekoms lyk onseker. Hoop is nêrens in sig nie.

By die graf aangekom, kom 'n verdere skok: die graf is leeg! Matteus boekstaaf die gebeurtenis direk daarna. Hy beskryf dit soos volg: “Toe sê die engel vir die vroue: ‘Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek’” (*Matt. 28:5 en 6, NAB*). Die vroue was skielik oorstelp van vreugde. Weg was die nagdonkere smart, verdryf deur die aangename lig van die opstandingsmôre. Die gordyn van innerlike pyn was gelig. Die vroue het behoorlik gestraal van blydschap. Treurliedere het in lofsange verander.

### **Lees Markus 16:1-11. Wat het Maria na afloop van haar gesprek met die verrese Heiland gedoen?**

---

Na haar ontmoeting met die verrese Jesus is Maria dadelik stad toe om die goeie nuus aan ander te bring. Die Afrikaanse benaming vir die evangelie beskryf dit so netjies – dit is 'n blye boodskap, en daarom wil 'n mens dit oordra. Maria kon dus nie stilbly nie – Christus leef! Sy graf is leeg en die ganse wêreld moet dit eenvoudig hoor. Dit behoort ook so by jou en my te wees. Wanneer 'n mens die verrese Jesus op jou lewenspad tēgekom het, moet jy ook gou-gou vir ander daarvan gaan vertel; want die blye boodskap is iets wat 'n mens met blydschap moet bied.

Wat 'n mens in hierdie bybelverhaal dronkslaan, is dat die dissipels nie Maria wou glo nie – dieselfde dissipels wat Jesus gekies het, en vir wie Hy oor en oor vertel het dat hierdie dinge sou gebeur, dat Hy gekruisig en uit die dood opgewek sou word! “En toe hulle hoor dat Hy lewe en deur haar gesien is, het hulle dit nie geglo nie,” sê Markus (*hfst. 16:11, OAB*). As Jesus se eie dissipels dan nie dadelik die blye boodskap wou glo nie, is dit ook geensins verbasend dat ander ons nie uit die staanspoor wil glo nie.

**Hoe lank gelede het iemand jou getuïenis verwerp? Hoe het jy daarop gereageer en wat het jy daaruit geleer?**

## Veranderde lewens maak 'n verskil

**“En toe hulle die vrymoedigheid van Petrus en Johannes sien en verstaan dat hulle ongeleerde en eenvoudige manne was, was hulle verwonderd en het hulle as metgeselle van Jesus herken” (Hand. 4:13, OAB).**

---

---

Die Nuwe Testamentiese kerk het 'n ongekende bloeitydperk beleef, met 3,000 mense wat op Pinksterdag by hulle aangesluit het (*Hand. 2:41*). Duisende ander is 'n paar weke later bygevoeg (*hfst. 4:4*). Die owerhede en kerkleiers het gou beseef wat aangaan: al hierdie Nuwe Testamentiese gelowiges het 'n persoonlike ontmoeting met Christus gehad. Hulle lewens is verander. Deur God se genade is hulle getransformeer en derhalwe kon hulle nie stilbly nie.

**Lees Handeling 4:1-20. Wat gebeur hierso, veral toe die owerhede probeer het om vir Petrus en Johannes stil te maak? Hoe het Petrus-hulle op daardie pogings gereageer?**

---

Hierdie gelowiges is nuutgemaak in Christus en hulle moes eenvoudig hul bekeringsverhaal met ander deel. Petrus, 'n luidrugtige visserman, is deur God se genade getransformeer. Jakobus en Johannes, die sogenaamde “seuns van die donderslae” wat vreeslik humeurig was, is deur God se genade getransformeer. Die ongelowige Tomas is ook deur sy genade getransformeer. Die dissipels en al die lede van die vroeë Christelike kerk het elkeen 'n getuienis gehad, 'n bekeringsoomblik waaroor hulle nie kon stilbly nie. Ellen G. White beskryf dit op so 'n kragtige wyse in haar boek *Steps to Christ*: “Skaars het jy jou oorgegee aan Christus of daar ontstaan in 'n mens die begeerte om jou kosbare vriendskap met Jesus bekend te maak. [Daardie] waarheid, wat heiligmaak en red, kan 'n mens nie vir jouself hou nie” (*bl. 78*).

Let ook op die godsdienstige leiers se reaksie in vers 16 van ons skrifgedeelte. Hulle aanvaar dat Petrus-hulle 'n wonderwerk verrig het, en doen dit openlik. Dit is 'n voldonge feit – die geneesde man het immers reg voor hulle gestaan. Nietemin weier die leiers om van sienswyse te verander, hoewel die geneesing die dissipels se getuienis rugsteun. Tog laat Petrus en Johannes hulle nie van stryk bring nie. Hulle hou aan om te getuig.

**'n Mens kan Christus ken en jy kan daardie kennis aan ander oordra. Wat is die verband tussen hierdie twee handeling? Hoekom is die ken van Christus so onontbeerlik vir ons getuienis oor Hom?**

## Persoonlike belewenis en persoonlike bediening

In Handeling 26 verskyn die apostel Paulus as 'n gevangene voor Agrippa. Hy praat direk met die koning en gee sy persoonlike getuienis. Paulus wei uit oor sy verlede, maar nie net oor die tyd toe hy die volgelingen van Jesus vervolg het nie. Hy vertel ook van sy bekering en hoe hy vir Jesus begin getuig het. Die apostel roer ook die beloofde opstanding van die dode aan (*Hand. 26:8*). Dan kom Paulus by sy bekering, sy Damaskuspad-ervaring uit, en noem dat die Here aan hom gesê het: “Ek het aan jou verskyn om jou as my dienaar aan te stel. Jy moet getuie wees van wat jy van My gesien het en van wat Ek jou nog sal laat sien” (*Hand. 26:16, NAB*). Om oor jou geloof te getuig, is altyd 'n dinamiese ervaring. Dit gaan oor wat Christus alreeds vir jou gedoen het, wat Hy op die oomblik besig is om in jou lewe te doen, asook die blink toekoms wat Hy vir die gelowige beplan het. Tog draai getuienis nie om die een wat getuig nie. Dit gaan oor Christus – die lewende God wat ons sondes vergewe en ons siektes genees, die een wat ons met liefde en ontferming kroon, en wat ons die goeie in oorvloed laat geniet (*Ps. 103:3-5*). Om te getuig beteken dat jy aan ander vertel hoe die Here jôú genade bewys het. Die is 'n eerstepersoonsvertelling, van jou persoonlike ontmoeting met die God wat ons “genade onbeskryflik groot” geskenk het.

**Lees 1 Johannes 1:1-3 en vergelyk dit met Galasiërs 2:20. Watter ooreenkomste bespeur 'n mens hier? In watter opsigte stem Johannes en Paulus se ervarings ooreen?**

---

Hoewel Paulus en Johannes uiteenlopende belewenisse gehad het, het albei 'n persoonlike ontmoeting met Jesus gehad. Tog was hierdie twee ontmoetings nie eenmalige gebeurtenisse nie. Nee, vir Paulus en Johannes was dit 'n aanhoudende en daaglikse ontmoeting, een waarin die apostels hulle elke dag in die liefde van Christus verheug het, asook in die lig van sy waarheid gewandel het. Is bekering 'n eenmalige gebeurtenis, iets wat tot die verlede behoort? Let op Ellen White se stelling aangaande diegene wat meen dat hulle reeds die belangrikste stap gedoen het en dat hul bekering dus 'n afgehandelde saak is: “Dit is asof hulle nie aan 'n daaglikse bekering behoefte het nie, menende dat die geloofslewe 'n eenmalige kennismaking [met die waarheid] is. Tog behoort ons – elkeen van ons – elke dag tot bekering te kom” (*Manuscript Releases*, vol. 4, bl.46; klem verskaf).

**Waarom is dit so belangrik om 'n mens se boesemvriendskap met die Here daaglik te vernuwe, om Hom daaglik as die lewende God te vier, om sy krag en mag en goedheid daaglik te vier – ongeag jou vorige ervarings met Hom, selfs al was party van hulle besonder kragtig en dramaties? Bring jou antwoord Sabbatskool toe.**

## Die krag van persoonlike getuienis

Kom ons kyk nou weer na Paulus se verskyning voor Agrippa. Hier staan die apostel voor die heel laaste van die Joodse konings, die laaste van die Makkabeërs en van die Herodiaanse dinastie. Agrippa het homself as 'n Jood voorgedoen. Tog was hy in sy binnenste 'n Romein (lees die *SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 436.) Die man wat voor Agrippa staan, is bejaard – afgerem van die vele sendingreise wat hy al onderneem het, met die littekens van die goeie stryd wat hy dapper gestry het. Tog loop hy oor van God se liefde. Hy straal van God se goedheid. Ten spyte van alles wat hy al moes deurmaak – die aard van sy vervolgings en die omvang van sy probleme – kon hy oprek verklaar: die Here is goed.

Agrippa was sinies en skepties, 'n harde mens, heeltemal onsimpatiek teenoor enige waardestelsel met meriete. Paulus daarenteen was sterk gelowig, toegewy aan die waarheid en 'n kanniedood-kampvegter vir die geregtigheid van Christus. Die twee het soos dag en nag verskil. 'n Mens kon dit duidelik sien. Tydens sy verhoor vra Paulus vir oudiënsie, wat Agrippa ook dan toestaan.

**Lees Handeling 26:1-32. Wat was Paulus se getuienis voor Agrippa? Wat kan 'n mens uit daardie getuienis leer?**

---

Goedhartigheid versag harte terwyl kwasterigheid die teenoorgestelde uitwerking het. Let dus op Paulus se welwillendheid teenoor Agrippa. Hy sê dat die koning “so goed bekend is met al die Joodse gebruike en twisvrae” (*Hand. 26:3, NAB*). Daarna begin hy dadelik met sy bekeringsverhaal.

**Lees Paulus se bekeringsverhaal in Handeling 26:12-18 en let veral op die uitwerking wat dit op Agrippa in verse 26-28 het. Waarom dink jy het die koning so gereageer? Waarom was hy so beïndruk met Paulus se getuienis?**

---

---

---

Paulus se getuienis dat Jesus sy lewe verander het, het 'n kragtige uitwerking op die ongelowige koning gehad. 'n Veranderde lewe is inderdaad die beste getuienis. Om van 'n volwaardige bekering te getuig het 'n buitengewoon oortuigende invloed op ander. Lewens wat deur God se genade getransformeer is, kan selfs ongelowige konings tot ander insigte bring. Selfs al is jou verhaal nie so dramaties soos Paulus nie, behoort jy (en ook elke gelowige) ander te kan vertel wat dit beteken om 'n noue wandel met Jesus te hê, en ook hoedat 'n mens deur sy bloed verlos word.

## Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White se “*Almost Thou Persuadest Me*” op bl. 433-438 in *The Acts of the Apostles*. Die kern van die Christelike lewe is ’n boesemvriendskap met Jesus, ’n band wat so heg en veelvlakkig is dat ’n mens graag vir ander daarvan wil vertel. Hoewel die regte leerstellings ongetwyfeld belangrik is, kan niks die plek inneem van ’n lewe wat deur genade getransformeer en deur liefde verander is nie. Ellen G. White sê dit duidelik in die volgende aanhaling: “Ons Heiland weet dat dit nie slim argumente is wat verharde harte versag of wat deur al die wêreldseid en selfsug sny nie – hoe logies sulke argumente ook al mag wees. Jesus het geweet dat sy dissipels behoefte aan die invulling van die Gees gehad het; dat die evangelie slegs doeltreffend is as dit kom van mense wie se harte vinniger klop oor, en van mense wie se welbesproke monde spreek van, ’n lewende kennis van die een wat die weg, die waarheid en die lewe is” (*The Acts of the Apostles*, bl. 31). In die boek *The Desire of Ages* (destyds beskikbaar as *Koning van die Eeue*), maak sy ook die volgende kragtige stelling: “Wanneer die blote prediking van leerstelling net mooi niks uitrig nie, is dit die wonderbare liefde van Christus wat harte tem en versag” (bl. 826).

Party mense glo verkeerdlik dat ’n mens ander van bepaalde bybelwaarhede moet oortuig wanneer jy vir Christus getuig. Hulle getuig dus oor die waarhede wat hulle self in die Skrif bestudeer het. Hoewel dit beslis belangrik is om hierdie waarhede uit Gods Woord op ’n paslike tyd met ander te deel, het ’n mens se persoonlike getuienis meer met bevryding van skuld en met innerlike vrede te make. Dit gaan oor die genade, vergifnis, krag, hoop en vreugde wat ’n mens in Jesus ontdek het; wat ’n mens ontvang deur die ewige lewe wat Hy jou vrylik en genadiglik bied.

## Vrae vir bespreking:

1. Hoekom dink jy is ’n mens se persoonlike getuienis so kragtig in die beïnvloeding van ander? Hoe het ander se getuienisse jou en jou Christelike wandel al beïnvloed?
2. Bespreek die volgende in klastyd: jou en die ander klaslede se antwoord op Maandag se slotvraag. Waarom is ’n daaglikse ervaring met Christus se belangrik, en nie net vir ’n mens se getuienis oor Hom nie maar ook vir jou persoonlike geloofpad?
3. ’n Kragtige getuienis kan weliswaar doeltreffend in sieleredding wees. Waarom is ’n vrome en Godgerigte lewe egter ’n belangrike deel van daardie getuienis?
4. Deel jou persoonlike getuienis met die klas. Onthou net: die idee is om ander te vertel van die dinge wat Jesus vir jou in die verlede gedoen het, asook wat Hy vandag vir jou beteken. Watter verskil maak Jesus in j<sup>ou</sup> lewe?